# Hillcrest High School

Graad 9

# AFRIKAANS EAT V1

November 2023

**PUNTE:** 80

**TYD:** 1½ uur

**EKSAMINATOR:** Mev. M. Henderson

**MODERATOR:** Mev. R. Jordaan

**INSTRUKSIES EN INLIGTING.**

1. **Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings.**

| | |
|---|---|
| **Afdeling A : Begriptoets** | **(30)** |
| **Afdeling B : Taal** | **(50)** |

2. **Lees die instruksies baie goed.**
3. **Beantwoord AL die vrae**
4. **Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.**
5. **Skryf jou onderwyseres se naam op die dekblad: Me. Jordaan, Middleton, Nieuwoudt, Schoeman en Henderson**
6. **Nommer die antwoorde korrek volgens die nommers wat in hierdie vraestel gebruik is.**
7. **Spelling en sinskonstruksie is belangrik.**
8. **Skryf netjies en leesbaar.**

**Afdeling A: Begripstoets**

**Vraag 1: Lang teks**

**Teks A**

# VREEMDE SKOLE

## Nie alle skole is aaklig nie - lees oor hierdie interessante skole



Die Zip Zap-sirkusskool in Kaapstad is in 1992 deur Laurence Esteve en Brent van Rensburg begin. Hulle het eers net sweefstoklesse gegee, maar nou kan kinders enige sirkusvaardighede hier kom leer. Trampolienspring, akrobatiese toertjies en selfs hanswors-roetines word hier vir kinders geleer. Jy kan die skool gratis bywoon. Van die skool se oud-leerders werk tans in Europese sirkusse, of in die Suid-Afrikaanse televisie- en filmbedryf. Dit klink na groot pret.

Kan jy jou iets erger voorstel as om na 'n militêre skool te gaan? Daar is baie van hierdie skole in Amerika. Die vreemdste is seker die St Catherine's Military Academy. Die skool is deur nonne begin, maar dinge het al baie



verander sedert die skool se ontstaan. Die nonne gee steeds hier klas saam met militêre personeel. Hier leer hulle jou van dissipline, selfmotivering, respek, integriteit, waagmoed en lojaliteit. En seker ook hoe om daardie aaklige opstote en opsitte te doen waarvan niemand hou nie.

Die Trein Platformskool in Indië is deur 'n onderwyser van Orissa begin vir die kinders wat by treinstasies bedel. Die doel van die skool is om hierdie kinders se lewens te verbeter. Die kinders word deur middel van gedigte, liedjies, drama en poppespel geleer. Kos en medikasie word ook aan die kinders en hul gesinne voorsien.

Die Philodelphia School of the Future is in 2006 gestig en gee 'n kykie van hoe skole in die toekoms gaan lyk. Die studente in hierdie skool dra geen boeke of penne met hulle rond nie. Hulle leer deur van verskillende toepassings (apps) gebruik te maak. Hulle word verder vir lewe na skool voorberei deur van 9:00 tot 16:00 skool te gaan. Die skool is baie suksesvol en leerders presteer beter in wiskunde en wetenskap.




By die Brooklyn Free School in die VSA word kinders toegelaat om hulself te vind. Die skool is in 2004 gestig en daar is geen vaste kurrikulum wat gevolg word nie en daar is ook geen skoolreëls nie. Leerders besluit self wat hulle wil leer en watter klasse hulle wil bywoon. Hulle kan ook tuis bly as hulle nie klasse wil bywoon nie. Die skool kry baie kritiek as gevolg van die gebrek aan struktuur, maar neem ten spyte daarvan toe in populariteit.

Een van die lekkerste skole kan jy aanlyn bywoon as jy in Texas bly. High School Aerospace Scholars leer jou hoe om 'n ruimtevaarder te word. Ongelooflik! NASA se eie ingenieurs gee onderrig in wetenskap, wiskunde en rekenaarwetenskap.

1.1.1 By watter skool kan jy sirkusvaardighede leer? (1)

1.1.2 Noem 3 vaardighede wat jy by hierdie skool kan leer. (3)

1.2 Kos dit baie geld om na hierdie skool toe te gaan? JA/NEE? Haal een woord aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.3 Van watter soort skool is daar baie in Amerika? (1)

1.4 Wie het die St Catherine's Military Academy begin? (1)

1.5 Noem een oefening wat jy moontlik by St Catherine's Military Academy sal doen. (1)

1.6 Noem twee karaktereienskappe wat hulle jou by St Catherine's Military Academy leer. (2)

1.7 Pas die stellings in kolom B by die woorde in kolom A.

Skryf slegs die NOMMER en die LETTER neer.

| **Kolom A** | **Kolom B** |
|---|---|
| 1.7.1 Die Philodelphia School of the Future | A. Wil die kinders se lewens beter maak. |
| 1.7.2 Die Trein Platformskool | B. Het nie klaskamers nie, studente woon klasse aanlyn by. |
| 1.7.3 Brooklyn Free School | C. Leerder gebruik nie boeke of penne nie. |
| 1.7.4 High School Aerospace Scholars | D. Leerders hoef nie te betaal om hier skool te gaan nie. |
| | E. Die leerders hoef nie klas toe te gaan as hulle nie wil nie. |

(4)

1.8 Wie gee klas by die St Catherine's Military Academy? (2)

1.9 Kies die korrekte woord tussen hakkies om die sin te voltooi:

Selfs al kry die Brooklyn Free School baie kritiek kom daar steeds (meer/minder) kinders na die skool toe. (1)


1.10 Watter 3 vakke kan jy by NASA se ingenieurs leer? (1)

1.11 Na watter een van die skole in die teks sal jy graag na toe wil gaan? Hoekom? (2)

(20)

**Vraag 2: Visuele teks**

**Teks B**




2.1 Watter twee soorte diere kan jy in die strokiesprent sien? (2)

2.2 Skryf een woord neer om die sin te voltooi:
Die seun se ouers is baie _______ dat die vakansie verby is. (1)

2.3 Die volgende stelling is WAAR. Verduidelik hoe ons dit weet.
Die seun is baie ongelukkig. (1)

2.4 Kies die korrekte woorde uit die blokkie om die volgende sinne te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte woord neer.

| | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| muur | tennis | hardloop | venster | fiets | dans | plante | krieket |

Daar lê 'n gebreekte 2.4.1____ op die gras. Die seun het die vakansie 2.4.2____ gespeel. Die ma en pa is so gelukkig dat hulle 2.4.3____. Die diere kruip agter 2.4.4____ weg . (4)

2.5 Kies die korrekte antwoord om die sin te voltooi. Skryf SLEGS die vraagnommer en die letter neer.

Die seun is oppad:

a) kerk toe
b) winkel toe
c) skool toe
b) huis toe (1)

2.6 Hoe voel jy wanneer jy na die vakansie skool toe moet kom? (1)

(10)

**Totaal Afdeling A: 30**

**Afdeling B: Taal**



Bestudeer die prentjie hierbo en beantwoord dan die taalvrae wat volg.

**Woordstrukture: Skryf by elke vraag net die nommer en die antwoord neer.**

Vraag 3:

Vul die VRAAGWOORDE in om die vrae korrek te voltooi. Die antwoord word gegee om jou te lei.

3.1 _______ sal die kos gereed wees? 12uur. (1)

3.2 _______ vis is dit? Lara s'n. (1)

3.3 _______ gaan ons die tamaties eet? Saterdag. (1)

Vraag 4: Meervoude

Gee die korrekte MEERVOUDE vir die woorde tussen hakies.

4.1 Hulle (lewe) is vol pret en avontuur. (1)

4.2 Die familie se (oog) is baie klein. (1)

Vraag 5: Verkleinwoorde

Gee die korrekte VERKLEINWOORDE vir die woorde tussen hakies.

5.1 Die (hond) het swart kolle. (1)

5.2 Die (gesin) lyk baie gelukkig. (1)

Vraag 6: Voorsetsels

Vul die korrekte VOORSETSELS in om die sinne te voltooi.

6.1 Die pa vra die ma ______ hulp met middagete. (1)

6.2 Die dogtertjie is lief_____ haar poppie. (1)

Vraag 7: Intensiewe vorm

Gee die korrekte INTENSIEWE VORM van die woorde tussen hakies.

7.1 Die vleis wat hulle gaan eet was (baie duur) . (1)

7.2 Die pa is (baie seker) die vleis is gaar . (1)

Vraag 8: Vergelykings

Skryf slegs die vraagnommer en die antwoord neer.

8.1 Die kombuiskaste is so blou soos______. (1)

8.2 Die wit en swart hond is so mak soos _______. (1)

Vraag 9: Afkortings

Skryf die AFKORTING vir die woorde tussen hakies.

9.1 Die seun wil na middagete in Greyling (straat) gaan sokker speel. (1)

9.2 Die ma het 'n paar vrae vir die meisie (in verband met) haar visstert. (1)

Vraag 10: Trappe van vergelykings

Gee die korrekte TRAPPE VAN VERGELYKING van die woorde tussen hakies.

10.1 Die meisie dra die (lieflik) pienk rok. (1)

10.2 Die ma lag (hard) as die pa oor die grappie. (1)

10.3 Dit was die (koel) somersdag. (1)

Vraag 11: Persoonlike voornaamwoorde

Vul die korrekte PERSOONLIKE VOORNAAMWOORDE in om die sin te voltooi.

11.1 Die seun hou ______ sokkerbal vas. (1)

11.2 Hulle het ______ gunsteling middagete gemaak. (1)

Vraag 12: Geslag

Gee die korrekte GESLAG vir die woord tussen hakkies.

12.1 Ma hou daarvan om die (gasheer) te wees. (1)

12.2 Lara wil nie eendag 'n (oujongkêrel) wees nie. (1)

**Sinstrukture**

Vraag 13: WOORDORDE.

Skryf die sinne in die korrekte WOORDORDE.

13.1 Die meisies, elke dag, met hulle poppe, speel (1)

13.2 Andries, stadig, gewas, het, gister, die bal (1)

13.3 Die pa, lekker kos, sal, altyd, maak (1)

Vraag 14: VERLEDE TYD.


Skryf die sinne in die VERLEDE TYD.

14.1 Ma sit elke dag op die kombuistafel. (1)

14.2 Die boot is baie kleiner as die hond. (1)

14.3 Ma en Pa sal ‘n glasie wyn saam geniet. (1)

14.4 Die dogtertjie het ‘n baie snaakste stert. (1)



Bestudeer die prentjie hierbo en beantwoord dan die taalvrae wat volg.

Vraag 15: Toekomende tyd

Skryf die sinne in die TOEKOMENDE TYD.

15.1 Die man verf die dak oranje. (1)

15.2 Die seun het ‘n pet op sy kop. (1)

15.3 Die kamer is ‘n groot gemors. (1)

15.4 Almal luister na die radio. (1)

Vraag 16: Voegwoorde

Verbind die volgende sinne met die VOEGWOORD tussen hakkies.

16.1 Die sitkamer is baie vuil. Hulle sal dit moet skoonmaak. (daarom) (1)

16.2 Die hond tel die verfkwas op. Hy hardloop daarmee weg. (dan) (1)

16.3 Die man is gelukkig en glimlag. Die meisie is baie bekommerd. (terwyl) (1)

16.4 Hulle het koerantpapier op die vloer gesit. Die verf gaan baie mors. (want) (1)

Vraag 17: Ontkenning

Skryf die volgende sinne oor in die ONTKENNENDE VORM.

17.1 Die hond is baie vinnig. (1)

17.2 Iemand gaan baie van die nuwe kamer hou. (1)

17.3 Die verf drup. (1)

17.4 Het jy al ooit ‘n leer geklim? (1)

Vraag 18: Lydende vorm

Skryf die volgende sinne oor in die LYDENDE VORM.

18.1 Die kinders het die sitkamer geverf. (1)

18.2 Die meisie sal die verf vang. (1)

18.3 Die seun jaag die hond uit die kamer. (1)

Vraag 19: Direkte en inderekte rede

Skryf die sinne oor in die INDIREKTE REDE

19.1 Die man sê: “Die kamer lyk baie mooi.” (1)

19.2 Nina vra: “Het ons genoeg verf?” (1)

19.3 Ruan sê: “Ek het die hond gestop!” (1)

Vraag 20: Leestekens

Skryf die sinne oor met die korrekte leestekens.

20.1 die kinders se ons hou baie van verf (1)

20.2 eina die hond het op my toon getrap (1)

20.3 hulle het die verf en die radio in hillcrest gekoop (1)

**Totaal Afdeling B: 50**
**Groot totaal: 80**

